NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK

# alkmaar

'n Gemeente wat omgee

**Bulletin**

**22 Junie 2025**

## UITBRANDING HOEF JOU NIE OOR TE KOM NIE

Die woord "uitbranding" word deesdae baie gebruik. Uitbranding gebeur wanneer mense hulle eie fisiese en emosionele kapasiteite opgebruik het. Dit gebeur as hulle niks meer in hulle lewenstenk oorhet om te deel nie. Uitbranding loop hand aan hand met voltydse moegheid, asook met gevoelens van sosiale diskonneksie, lae selfwaarde en min effektiwiteit. Uitbranding is inderdaad soos 'n motor wat sonder brandstof probeer ry.

Keer dat uitbranding jou tref. Nee, dit is nie 'n skande as so-iets wel met jou gebeur nie. Uitbranding sê nie jy is 'n mislukking nie. God het jou dan nie verlaat of afgeskryf nie. Maar weet asseblief ook dat jy uitbranding kan systap. Jy hoef dit nie oor te kom nie. Omring jou met wyse mense wat jou betyds sal waarsku as jy te veel hooi op jou vurk het. Volg leefritmes na wat groter vrede en rustigheid in jou lewe meebring. Sê nee vir nog dinge wat jou lewe oorvol maak. Moenie aanmeld vir take en opdragte wat buite jou vermoëns val nie. Moenie gedurig ander mense ten koste van jouself probeer tevrede stel nie. Handhaaf die regte daaglikse geloofsdissiplines voor die Here. Raak elke oggend en aand stil voor Hom. Sit jou laste elke dag getrou aan Jesus se voete neer. Glo dat Hy dit namens jou dra. Leef vanuit Sy goedheid. O ja, wees sagter en meer genadig met jouself. Dan brand die regte vuur elke dag in jou hart, daardie een wat die Here se warmte en liefde versprei. Dan brand jy nooit stukkend of uit nie.

Stephan Joubert (www.ekerk.org)

---

## VANDAG 22 JUNIE

Erediens: Alk: 09:00; Ngd: 18:00

## SONDAG 29 JUNIE

Erediens: Alk: 09:00; Ngd: geen aanddiens nie

## KWARTAALTEMA: Vanaf 18 Mei 2025

Agape-liefde uit 1 Korinthiërs 13:1-8

## DEUROFFERS IN JUNIE: Omgeefonds

Die Barmhartigheidsdiensgroep (Sorg) sien om na lidmate in ons gemeente en enige donasies sal waardeer word. Iemand se huur word ook maandeliks uit hierdie omgeefonds betaal. Bydraes kan by die deure gedurende Juniemaand in kissies, gemerk "Omgeefonds (Barmhartigheid)" gegee word, of 'n elektroniese betaling kan gedoen word.

Daar is ook 'n trollie by die inligtingshoek vir blikkieskos en nie-bederfbare produkte. Enige klere ens. sal ook waardeer word.

Navrae: Estie Erasmus.

## SONDAG 6 JULIE

Erediens: Alk: 09:00, ds Eliska Muller
Ngd: geen aanddiens nie

## Ons Gemeente se Bankbesonderhede:

ABSA - NG Kerk Alkmaar - Tjekrek. 1070580035 Snapscan:
Takkode 334-252; Internet-takkode 632005

***Verwysing vir inbetalings is belangrik asb!***
Gebruik ***u naam*** en *een van die volgende…..*
(afhangende van die offergawe wat u gee):
***DO*** vir maandelikse dankoffers
***10de*** vir tiendemaand bo-en-behalwe offergawe (Okt)
***GOB*** vir geloofsofferbeloftes (sending/evangelisasie)

## Kontak ons gerus:


*Predikant:* Johannes van der Merwe
074 142 3456; ephesians321@me.com
*Kerkkantoor tel nr's:* 013-733 3873 / 082 261 0371
*Kerkkantoor:* Gladys Grobler; ngkerk@alkmaar.co.za
*Koster: Alk:* Estie Erasmus 076 625 3188 skakel of WhatsApp
*Koster: Ngd:* Madelein Venter 083 607 0728
*Gemeente webwerf:* www.alkmaar.co.za


## Ngodwana Eredienste & Kategese:

Kategese begin 17h00 en die erediens 18h00 by die Gemeenskapskerk te Calhounstraat, naby Clivia Laerskool.

## Kinderkerk (kinders vanaf 3 jr tot Gr 2):

Tydens die oggenddiens in die saal op 8 Junie 2025.

## Vergaderings:

So. 22 Junie 10:45 Gemeente-aksies

# Bulletin

22 Junie 2025

"Die liefde moet opreg wees. Verafsku wat sleg is en hou vas aan wat goed is." Romeine 12:9

## VOORBIDDING

▣ **Kom bid saam:** In die Konsistorie (Alk) Sondae 08:45 en **na die aanddiens** by die Gemeenskapskerk te Calhounstraat, naby Clivia Laerskool.

▣ **Gebedsaksie en –versoeke:** Kontak gerus ds. Johannes (074 142 3456).

▣ **Siekes:** Henning Joubert, Berna van der Merwe, Bertus Saayman, Mariana Mahoney, Janine en Hennie Stoop, Stoffel en Marlene Campher, Jan Pienaar, Lillian Greyvenstein, Veronica van der Merwe, Yvette Eastes, Sarie en Freek Esterhuizen, Freek Esterhuizen (jnr), Ester van Wyk.

▣ **Ander siekes:** Ian van Vuuren, Frikkie Crotz jnr, Dup du Plessis, Liezel Theron (ma en pa), DC en Annelize Human se dogter Marilie Hagen, Pieter Theron se ma, swaer Wynand Basson en suster Wilna, Riaan Beyleveldt se skoonsuster.

▣ **Ander:** Voorbidding vir ons 5 evangeliste: Phetsile, Amon, Simon, Jackson en Terrence.

## MANIERE OM DANKOFFERS TE GEE

Baie dankie vir lidmate wat getrou hulle dankoffers gee (2 Kor. 9:6-7). U word versoek om seker te maak en veral te kyk na herhalende internetbetalings wat jaarliks hernu moet word. Maandelikse dankoffers (verw: jou naam + DO) kan gedoen word per debietorder; elektroniese oorbetaling; met u selfoon via ons gemeente se Snapscan-kode (laat weet asb. die kerkkantoor - whatsapp na 082 261 0371 - indien u 'n dankoffer so betaal, omdat daar nie op Snapscan gespesifiseer kan word nie). Gebruik Snapscan ook vir eredienskollekte.

☺☺☺☺☺☺

Jesus maak God se seën nooit afhanklik van mense se uiterlike suksesse of prestasies nie. Hy beskou diegene wat dikwels deur die wêreld misgekyk word as gelukkig en bevoorreg. God sien graag mense raak met harte wat liefde in alle rigtings uitlek. Sulke mense moet ons rolmodelle wees.

Stephan Joubert

## VERJAARSDAE

22e Leroux de Beer KLNEY, Gert Potgieter KHOOP, Dewald Scheltema NST
23e Chris Nel NGD, William Thomas jnr NST
24e Corné Daffüe NGD
25e Janél Coetzee RIETF

*Gods rykste seën, baie geluk!*

## KERKRAADSLEDE VAKANT

Ons benodig lidmate vir Evangelisasie, Finansies, Toerus en Jeug (Ngd). Navrae: Frank Erasmus, predikant, kerkkantoor.

## KERKBASAAR ~ Sa. 30 Augustus 2025

Daar word reeds beplan vir ons gemeente se kerkbasaar by Kwanyoni Lodge met 'n pretloop, verskeie kosstalletjies, plante, teetuin, 'n wit olifanttafel ens. U hulp word gevra om asb. deel te wees van hierdie fondsinsamelingsprojek met o.a. voorstelle, bydraes, sameroepers vir die onderskeie stalletjies ens. Maak solank plantjies en kyk ook na bruikbare items by jou huis wat verkoop kan word by die wit olifanttafel. Gesels asb. met Ben du Plessis (gemeente-aksies diensgroepleier) en/of kom wees deel van die diengroepvergader na die oggenddiens vandag.

